

# VERTROU DIE HERE MET JOU GELIEFDES

deur Stephan Joubert

Dit is eie aan ons om diegene naby aan ons in watter te probeer toedraai. Ons as ouers wil graag ons kinders teen die stampe en stote van die lewe beskerm. Net so wil ons ons huweliksmaats van seerkry vrywaar. Ons wil ook graag ons vriende op die hande dra. Maar ons kan nie altyd fisies daar wees vir mekaar nie. Boonop is dit dalk ook nie die wyste ding om te doen om ons geliefdes uit die avontuursones van die lewe te probeer verwyder nie, want die lewe is nie sonder gevare, uitdagings en verrassings nie. Die lewe gebeur toe nie op een of ander wolk nie, maar sommer hier in die regte wêreld. Aan hierdie kant van die graf is die lewe ook nie volmaak nie.

**Miskien is dit ons roeping om eerder vir ons geliefdes te bid terwyl hulle binne die gevaarsones van die lewe leef, as om hulle gedurig daar te probeer weghou.** Ons moet eerder hulle name voor ons Vader in die hemel hou as dat ons hulle heeltyd by onself wil hou. Ons moet God met die lewens van ons geliefdes vertrou. Ons moet bid dat Hy hulle sal bewaar en op die regte paaie hou. **Ons moet die Here vertrou om ons en ons geliefdes te lei in lewe én in dood.**

Van lewe en sterwe gepraat, Paulus skryf in Romeine 14 dat God ons nie net gemaak het om vir Hom te leef nie, maar om ook vir Hom te sterf. Kom ons vertrou onself en ons geliefdes vir hierdie lewe en vir die lewe hierna aan ons Hemelse Vader se liefdevolle sorg toe.

**Liewe Lidmaat, kom ons bly bid vir elkeen in ons gesin en familie. Maar dan met die vaste vertroue dat God hulle kan en wil beskerm en seën. Bid ook aanhoudend vir hulle in jou gesin en familie wat nog nie 'n persoonlike verhouding met Jesus Christus het nie - Ds Leon Tait**

## Ek bid

Vader van alle genade en goedheid  
In Christus se goeie Naam kom vertoef ek aan U voete  
In stille verwondering kyk ek op na U  
U grootheid is veels te groot vir my om te verstaan  
U goedheid is te goed om te deurgrond  
Maar die bietjie wat ek wel van U verstaan, laat my jubel en juig  
Dit maak dat ek vandag my eie lewe, en dié van my geliefdes, aan U sorg toevertrou  
Dankie dat U vandag ons almal se Bewaarder is.



## Die groot verskil tussen dankbare en ondankbare mense?

*Dankbare mense fokus op wat hul het en ondankbare mense fokus op wat hul nie het nie. Dankbare mense sien die mooi en goeie raak. Ondankbare mense sien dit wat fout en sleg is raak. Dankbare mense sien moontlikhede en oplossings raak. Ondankbare mense leef in die verlede en sien net probleme raak. Dankbare mense is tevrede en gelukkige mense. Ondankbare mense is ontevrede en ongelukkig oor baie dinge. Paulus het iets van die dankbare lewe verstaan en uitgeleef: *ek het geleer om reg te kom met wat ek het. Vir al hierdie dinge sien ek kans omdat Christus my die krag daarvoor gee (Fil 4:11,13).**

'n Vlieënier wat albei sy arms tydens die tweede wêreld oorlog verloor het was baie depressief en moedeloos oor sy verlies aan arms (wat natuurlik heel normaal en te verstane is). Dit egter sy hele lewe tot stilstand gebring en hy wou handdoek ingooi. Alles wat goed en mooi was, was volgens hom verby vir altyd. Toe besoek 'n veteraan uit die eerste wêreldoorlog wat ook albei sy arms verloor het hom met die woorde wat sy lewe vir altyd verander het: *die struikelblok wat jy moet oorkom is nie jou gebrek nie, maar jouself. Dis nie wat jy verloor het wat tel nie, maar wat jy oorhou.* Hierdie man se lewe het so positief verander toe hy begin fokus het op wat hy oorgehou dat hy 'n filmster geword, 'n skrywer, pianis en motiveringspreker wat in talle ander se lewe 'n groot verskil gemaak het.

Jy kan ook met wat jy het 'n verskil maak! Al het jy nie meer jou gesondheid nie of huwelik nie of werk of finansies of besigheid of al is jy nie tans in die gunsitgste omstandighede nie.

Die violis Paganini het op 'n keer toe hy opgetree het die nagmerrie ervaar dat een na die ander van sy viool se snare gebreek het. Nader was daar net een snaar oor.

Paganini het sy viool in die lug gedruk en gesê: een snaar! Hy het so meesterlik met een snaar hierdie uitvoering gedoen dat die gehoor staande applous gegee het.

Moontlik het jy net *een snaar* oor in lewensviool. Maak die mooiste musiek daarmee op jou beste! Christus gee die krag en genade om dit te kan doen. Indien jy voel jy kan nie, omdat jou gebreekte lewensnare net te veel pla, onthou iemand veel groter en beter as Paganini hou jou in Sy hand. Met jou een snaar kan Hy die mooiste musiek denkbaar voortbring. Wees net beskikbaar en gee jou oor in Sy hande!

Dankie vir al die positiewe en dankbare mense in Rietfontein-Suid wat met wat jul het en is, 'n verskil maak! Julle is betrokke met 'n positiewe gesindheid. Julle waardeer die mooi dinge wat alles gebeur in Rietfontein-Suid. Julle is die mense wat saam met ons groot verwagtinge het vir nog groter en mooier dinge. Julle help om hierdie gemeente soos 'n viool in God se hand te laat wees waardeur Hy die mooiste musiek kan en wil maak.

Ons waardeer julle!

*Ds Leon van Heerden*



- ◆ **16 Junie:** Vakansiedag - Jeugdag
- ◆ **17 Junie:** Doop
- ◆ **22 Junie:** Skole sluit

*Sien jou daar!*



Vuka Scuta XS125 te koop: 2008 model, met slegs 3322 km's, goeie toestand vir R5 500.00. Kontak Johan Muller @ 084 500 2481

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadje adverteer! Kontak Ilze @ 072 111 3100 / e-pos: ilzedples@gmail.com

## As jy afgedwaal het kom terug na God

*Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou 'n stem hoor sê: 'Hier is die pad, loop hierlangs.' - Jesaja 30:21*

In hierdie Skrifgedeelte praat God met jy rebelse kinders. Die eerste vers in Jesaja 30 noem hulle rebelse mense, en in sommige vertalings is hulle 'hardkoppige kinders'. Ek praat hier van die van julle wat moedswillig God se koers verlaat het en afgedwaal het - julle is vandag se 'hardkoppige kinders'. Dit klink miksie kras, maar beskryf dit dalk vir jou of iemand wat jy ken of liefhet?

God weet waar jy is. Jy kan nooit so ver van Hom afdwaal dat Hy jou nie sal kan teruglok na die troos van sy liefdevolle arms nie.

lewers, selfs langs die pad wat jy miskien gekies het, sal jy Sy sagte stem hoor roep: 'Hier is die pad, loop hierlangs,' of: 'Draai om, dit is nie die regte pad nie. Kom na My toe.'

Dit verg baie energie om rebels en hardkoppig te wees. Waarom nie ontslae raak van daardie las en terugkom na die Een wat jou liever het as 'n broer nie? Kom terug na Jesus en laat Hom toe om weer sy tuiste in jou hart te maak.

### Gebed:

*Here, ek vra dat U my vergewe vir die opstandigheid teen U en u plan vir my lewe.*

*Ek het verwyderd geraak van U en ek is jammer.*

*Help my om na U te luister en u stem te hoor.*


*deur Dodi Osteen*



## Kort boodskap vir al ons Pappa's

Weet jy dan nie? Het jy nog nie gehoor nie? Die Here is die ewige God, Skepper van die hele aarde. Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie en sy insig is ondeurgrondelik. Hy gee die vermoeides krag, Hy versterk die wat nie meer kan nie.

- Jesaja 40:28 en 29



Laat God u weer verfris met nuwe krag.

**Gelukkige Vadersdag**

To God the Glory



# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

### At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.



*We serve the Community of God*  
Contact us for an interview

**012-331-8274**

[admin@mootchristianacademy.co.za](mailto:admin@mootchristianacademy.co.za)

On the premises of NG Rietfontein-Suid, C/o Ben Swart str. and 16<sup>th</sup> Avenue



# Taakspan vir Gesinne



## Gesinne vir Christus



Die Visie en Missie van die Gesinsbediening taakspan is onderskeidelik om binne die Visie van die gemeente *Gesinne vir Christus* (Visie van Gemeente: Christus Alles in Elk-een) te wees. Die Missie is om huweliksmaats, ouers en gesinslede in ons gemeente en die gemeenskap te bou en te help om die liefde van Christus in hul gesinsverhoudinge uit te leef en te ervaar deur omgee vir mekaar en ander.

Van die kernwaardes vir die gesinsbediening is om alles biddend deur sy genade te vra, om Bybelsebeginsels uit te leef. Alles wat ons doen is gefokus om verhoudinge te bou en om onvoorwaardelike liefde en aanvaarding (empatie) uit te dra. Die grootste aktiwiteit waarvoor die gesinstaakspan verantwoordelikheid aanvaar, is onder andere die Huweliksnaaweek, Vaders- en Moedersdag en die gemeentekamp.

Vanaf 4-6 Mei 2012 is 'n baie suksesvolle huwelikskursus aangebied deur Dr. Ewald en sy wedershelf Beatrix Janse van Rensburg. Die taakspan bestaan uit, Basson Geldenhuys, Flip en Adri Langenhoven, Egbert en Petro Uys, Christa Botha, Bertus Theron, Pieter en Leani Malan en Dalene Marx. Die taakspan funksioneer onder die bekwameleiding/mentorskap van Ds. Leon van Heerden.

Gedurende die langnaweek van 21-24 September 2012 word die gemeentekamp weer aangebied by die Emmerentia Geldenhuys kamp-terrein. Almal is welkom, van oud tot jonk. Bespreek solank vroegtydig julle plekke by Egbert en Petro Uys. Dit belooft om 'n naweek vol inspirasie, pret en plesier te wees. Kyk asseblief uit vir afkondigings van wanneer en waar om te registreer.

Vir enige navrae of belangstelling om betrokke te raak by hierdie taakspan, kontak gerus vir Basson by 0716488656.

# c'n anru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- **Gratis waardasies**
- **Bemark om te verkoop**
- **Kwalifisering van nuwe kopers**
- **Lening aansoeke**
- **Advies om eiendom se waarde te verhoog**
- **Boedelwaardasies**

**Naómi**

**082-804-1200 012-331-0015**



## MUSTERION BOEKERY—BOOK EXCHANGE

Hier is ongeveer 12 000 boeke. Afrikaanse of Engelse fiksie, romantiese en historiese fiksie, westerns, Christelike boeke, nie-fiksie en handwerkboeke word hier aangehou.

U sal u gunsteling heelwaarskynlik hier vind.

Boeke kan omgeruil of gekoop word teen baie billike pryse.

Die boeke wat ingeruil word moet asb. volledig, skoon en in 'n goeie toestand wees.

Kontak persone: **Willa Olivier - 082 737 3391 of 073 419 8292**

**Stefaans Olivier - 082 773 7058**

Adres: 20ste Laan 624  
Rietfontein

**KOM MAAK GERUS 'N DRAAI!**



## TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE



**VISIE:** Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepes mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.

Met groot opgewondenheid sien ons uit na die Romeine 12 Reeks afskoot, "r12", in sy verkorte vorm. Die Omgeegroepes speel ongetwyfeld 'n geweldige rol in die verrigtinge rondom die wonderlike reis wat ons as gemeente gaan onderneem.

Die grootste verantwoordelikheid wat ons Omgeegroepesleiers/lede op kan begin fokus is **GEBED**. Dat elke individu deur die aanraking van die Heilige Gees werklik op hierdie r12 reis sal ervaar dat elke persoon deel vorm van 'n **GEESTELIKE FAMILIE** waar 'n **LABORATORIUM VIR LEWE** beleef kan word in die vorm van *liefde, bid vir mekaar, bemoediging, vergifnis, goeie dade, geestelike groei en 'n hernude vreugde en passie*.

Mag hierdie reis 'n avontuur vir elkeen wees waarin dit aan ons geopenbaar word wat **DISSIPELSKAP** werklik beteken op 'n daaglikse basis sodat ons daarna kan strewe om meer en meer soos **JESUS** te wees.

**GASHERE** gaan benodig word om hulle huise beskikbaar te stel vir persone wat graag wil aansluit by die r12 groepe. Vrywilligers kan gerus wees dat hulle nie 'n ongewone Bybel kennis hoef te hê nie, of voorheen 'n Omgeegroepesleier hoef te gewees het nie; geen geweldige voorbereiding word vereis nie; dit hoef nie 'n langtermyn "commitment" te wees nie. Die reeks strek oor 'n tydperk van ses weke wat afskop op **22 Julie 2012**.

Die verskillende sessies wat gedurende die r12 Reeks in die groepe behandel sal word deur middel van 'n DVD en studiegids is as volg:

- Wat is ware spiritualiteit?
- Hoe om aan God te gee wat Hy die graagste wil hê.
- Hoe om die allerbeste van God te ontvang.
- Hoe om vrede te maak met die ware JY.
- Beleef egte gemeenskap.
- Oorkom die kwaad wat op jou gemik is.



Mag elkeen die krag van die Heilige Gees beleef gedurende hierdie **r12 REIS**. Mag elkeen bewus word van die krag van 'n **PERSOONLIKE VERHOUDING** met **JESUS**. Hy is die weg na **WARE SPIRITUALITEIT/GEESTELIKE GROEI**.

*"Liefde is die een skat wat vermenigvuldig deur deling"*

*Indien jy graag 'n Gasheer wil word gedurende die r12 Reeks, of graag by 'n groep wil inskakel, kontak asseblief:*

**Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591**